# THUKIDIDES EN DIE GROOTHEID, DIE OORDEELSFOUTE EN DIE ONDERGANG VAN ATENE[1]

D.A. Pauw, Randse Afrikaanse Universiteit

Die geskiedskrywer Thukidides beskryf die uitgerekte konflik tussen Atene en Sparta, 'n konflik wat na veel smarte en lyding uitloop op die neerlaag en ondergang van die eens magtige Atene. Hierdie tema is in sy wese dramaties want die elemente van drama is inherent teenwoordig: die konflik is daar, hetsy tussen volke hetsy tussen indiwidue; die verwikkeling is daar met die spanning en afwagting waartoe dit lei; daar is keerpunte, oordeelsfoute wat begaan word, onafwendbare dilemmas waarin karakters hul bevind; aangrypende gebeure word beskryf, tonele van patos wat die leser emosioneel ontroer; maar deurgaans verkry die beskrywing 'n algemeen geldige dimensie waardeur die mededeling van feite tot 'n universele en tydlose vlak verhef word, waardeur geskiedenis volgens Aristoteles die terrein van die poësie betree.[2]

Thukidides het 'n fyn aanvoeling vir die dramatiese, maar hy swig nie voor die versoeking om bloot effek na te jaag nie. Uit tallose moontlikhede selekteer hy sy episodes versigtig en gee meesal uitdruklik die rede vir sy keuse : dit was die grootste slag of neerlaag, die ergste graad van paniek of wreedheid, die deurslaggewende fase in 'n proses. Om te verhoed dat dramatiese geskiedskrywing egter so algemeen word dat dit trefkrag verloor en teenproduktief word, selekteer hy dikwels 'n episode as verteenwoordigend. Deur sy eie intense betrokkenheid by die lyding van mense, verseker hy ook sy leser se emosionele meelewing, bewerkstellig hy ook die katarsis van die emosies wat gewek en deurleef word. In sy dramatiese episodes is dit veral elemente soos vrees, verwarring, ontnugtering, en dan fisiese wreedheid en lyding wat prominent voorkom. Meesal is dit die lotgevalle van massas soldate of matrose, of die inwoners van 'n dorp wat in realistiese detail geskilder word, en dan veral in hul ontnugtering, verslaenheid, verwarring, smart en hulpeloosheid.

In 'n ondersoek na die dramatiese elemente in die werk van Thukidides mag daar nie volstaan word met 'n blote sistematiese ontleding van dramatiese episodes nie want dit sal nog slegs gedeeltelik reg laat geskied aan sy reputasie as horende tot die "Rang der Tragiker". Nee, Thukidides het binne 'n veel groter denkraamwerk die stryd tussen Sparta en Atene beskryf, 'n denkraamwerk ontleen aan die beroemde dramaturge van sy tyd, Sophokles en Euripides : bo en behalwe die kleiner "dramas", die kleiner "tragedies" wat hul deur die loop van sy werk afspeel, is daar die oorkoepelende drama van die grootheid en die ondergang van die eens magtige Atene. Die tragiek van die onvermydelikheid van hierdie agteruitgang het Thukidides aangegryp. Hy het Atene op die toppunt van sy mag beleef; hy het haar vernederende val gesien, en hy wou sy belewenis meedeel aan sy leser, wou hom die tragiek in al sy fasette laat ervaar, hom emosioneel betrek by die volle spektrum van die smart, die lyding en die wroeging van oorlog. Daarom neem hy sy leser met hom saam, lig vir hom die

1 Dit gaan hier om die begrippe μέγεθος, ἁμαρτία en δυστυχία wat deur Aristoteles op soortgelyke wyse in sy *Poëtika* ten opsigte van die tragedie gebruik word.

2 *Poëtika* 1451b, ἡ μὲν γὰρ ποίησις μᾶλλον τὰ καθόλου, ἡ δ' ἱστορία τὰ καθ' ἕκαστον λέγει.



http://akroterion.journals.ac.za/

aangrypende, die dramatiese momente uit, toon aan hom, dikwels op dramatiese wyse, die bakens op Atene se weg van verval. En dit is hierdie bakens, gestroop van irrelevante materiaal, wat die impak van die tragiek van Atene verhoog. 'n Ontleding van hierdie bakens toon dié gebeure, faktore en situasies aan wat die keerpunte en beslissende momente op Atene se weg na ondergang teweeggebring het.[3]

Nadat Thukidides in die "Archaiologia" (1.2-23) die vroeë voorgeskiedenis geskets het, word die seegeveg by Subota geselekteer en in detail beskryf : vir die eerste keer raak die protagonis Atene betrokke by vyandelikhede met die Korintiërs (1.49-54). Vir die skrywer is dit 'n sleutelinsident want dis die aanleidende oorsaak vir die Korintiërs om Atene in die Peloponnesiese Oorlog aan te val (1.55). Die seeslag word in dramatiese detail beskryf want genot en vermaak van die leser is deel van Thukidides se doel naas die nut en voordeel wat hy nastreef (ὠφέλιμα, 1.22).

Korinte belê 'n konferensie te Sparta (1.67-88), en die skrywer benut die geleentheid om die skerp teenstelling tussen die Ateners en hul antagonis die Spartane te omlyn (70). Die leser word ingetrek in die dilemma, voel simpatie met beide kante, maar wat veral van belang is, is dat die oorlog deur hierdie en latere debatte, veral danksy die "sententiae" in die toesprake, tot 'n universele vlak verhef word : stryd is eie aan die aard van mense en van volkere van alle tye. Stryd is universeel omdat dit steeds dieselfde universele beginsels is waaroor daar verskil word.

Die beskrywing van die tweede kongres te Sparta (1.120-124) is daarop gemik om die onsekerheid in die geledere van die Peloponnesiese Bond te laat blyk. Dit word gevolg deur die Volksvergadering te Atene en slegs die toespraak van Perikles word gegee (1.140-144). Die argumente wat tot oorlogsverklaring lei, word op dramatiese wyse persoonlik en oortuigend verwoord deur die mees invloedryke Atener en die beste spreker van sy tyd.

Die Tebane en Plataiërs raak slaags (431 v.C., 2.2-6) en 'n betreklik onbenullige insident word dramaties en buite verhouding gedetailleerd beskryf omdat dit die eerste kragmeting van die oorlog was en voorbereidings nou in alle erns begin (2.7).

Na hierdie aanloop tot die uitgerekte konfrontasie, is daar nou geen twyfel oor die **grootheid** van Atene nie : As protagonis in die dramatiese stryd teen Sparta beklee Atene 'n **posisie van krag** as leier van die Deliese Seebond, beskik oor magtige rykdom en 'n militêre oormag (2.13). Wanneer die werklike eise en implikasies van die oorlog egter tot hul deurdring, blyk die eerste tekens van 'n **krakie in hul samehorigheidsgevoel**, want die Ateners is traag om hul eiendomme te verlaat en na die Akropolis te trek. Die haglike omstandighede in die stad ondermyn hul moraal, en die verset teen Perikles toon hul **kwynende eendrag**.

Na afloop van die eerste jaar van die oorlog laat Thukidides vir Perikles sy beroemde Grafrede ter ere van die gesneuweldes hou (2.35-46). Die plasing daarvan onmiddellik voor die beskrywing van die pes, het groot dramatiese krag : Atene op die toppunt van haar mag, dan uit die bloute die **peripetie** en die swaar beproefde stad is weerloos vasgevang in die greep van die lot wat geen genade ken nie. Die eerste fase in die geleidelike ondermyning van die Ryk word voltrek, en die leser word gaandeweg voorberei op die ontsettend katastrofe. Die funksie van die redevoering is terselfdertyd geleë in die beligting van die grootheid van Atene, want hierdeur sal die uiteindelike

---

3 Hierdie sleutelgebeure en -faktore sal telkens in vetdruk aangegee word.


http://akroterion.journals.ac.za/

ondergang van die eens magtige staat by wyse van skerp teenstelling des te aangrypender, des te meer tragies wees. Die bittere beproewing van die pes wat in skrikwekkende en ontstellende detail beskryf word, wek medelye en vrees en is 'n belangrike skakel in die proses van **demoralisering** van die Ateners (2.47-58). **Verset** teen Perikles bou op. Daar is **konflik** en toenemende **spanning** weens die haglike omstandighede in Atene. In 'n indrukwekkende toespraak verdedig hy homself (60-64), maar terselfdertyd gaan dit om leierskap as universele verskynsel. Die feit dat die Ateners Perikles tog weer in ere herstel en ondanks omstandighede voortgaan met oorlog, toon hoedat hul vasgevang is in die greep van ἀνάγκη, die onafwendbaarheid van hul lotsbestemming. Perikles se dood is 'n belangrike **keerpunt**, want met hom sterf ook sy behoudende beleid, en die **ironie** is dat die sogenaamde demokrasie wat onder hom 'n regering deur een man geword het, onder sy opvolgers tot verlammende **tweespalt** sou lei (2.65).

Die derde jaar van die oorlog breek aan (429, 2.71-78) en dit begin met die beleg van Plataia wat in verbasend fyn detail en aangrypend realisties beskryf word. Hier het ons nog 'n geval van 'n verteenwoordigende episode wat geskilder word, maar terselfdertyd is dramatiese, aangrypende, ontroerende beskrywings soos hierdie daarop gemik om die leser te betrek by die naakte werklikheid van oorlog as universele verskynsel : want oorlog was nie maar net 'n ry van oorwinnings en neerlae nie. Die aangrypende, die tragiek van oorlog kom pas aan die lig wanneer dit in terme van menslike lyding tot uitdrukking kom, en om dit te kan begryp, moet die leser iets daarvan belewe.

Intussen word die beroemde Mutileense debat uitvoerig weergegee (3.37-48) : Die vuurvreter Kleon en die taktvolle Diodotos illustreer nie alleen die **konflik** van menings en persoonlikhede nie, maar verwoord terselfdertyd die universele konflik tussen aggressie en verdraagsaamheid. Dan keer die skrywer terug na Plataia en op hoogs dramatiese wyse word die sensasionele en uiters gewaagde ontsnappingspoging van 220 man een stormagtige nag beskryf. Die leser word emosioneel betrek en word 'n kykie gebied op die vernuf en dapperheid van Atene se bondgenote. Uiteindelik word Plataia egter tot oorgawe gedwing, skuldig bevind en meer as 200 word tereggestel.

Vervolgens beskryf Thukidides die rewolusie op die eiland Kerkura (3.69-85): Die demokratiese party wat Atene ondersteun, neem wraak op die oligargiese party wat ondersteuners van Korinte is. Tonele van ongelooflike wreedheid, die patos van burgeroorlog word beskryf en skokkende detail word dramaties weergegee : massaslagting vind plaas en om daaraan te ontkom, dood die vasgekeerdes mekaar, hang hulself aan bome op. Vaders dood hul eie seuns, sommige word in die tempels of op die altare doodgeslaan, ander word lewend in die tempel toegemessel. Die wrede afloop van die rewolusie word eers later beskryf (4.46-48) : Die Ateense generaals lewer die gevangenes (lede van die oligargiese party) uit in die hande van die mense van Kerkura (46). Hul word wreed gemartel en vermoor, en die res word van die dak van die gebou waarin hul opgesluit is, geskiet en met voorwerpe bestook totdat hul selfmoord begin pleeg (48). Die detailbeskrywing is funksioneel : dit moet die aandag van die leser boei vir wat gaan volg: dit word 'n "kapstok"-insident vir Thukidides om sy oorlogsfilosofie aan op te hang, om die totaal demoraliserende en degraderende invloed van oorlog aan die kaak te stel (3.82). Terwyl Plataia die hoogtes van dapperheid toon, illustreer die burgeroorlog in Kerkura die **demoraliserende werking** van oorlog, nog 'n faktor in die ondergang van Atene, want dis ook hier waar die eerste tekens van die **ondermyning** van wet en orde tevoorskyn kom (3.84).



http://akroterion.journals.ac.za/

Pes breek opnuut uit, en dit is volgens Thukidides die grootste ondermynende faktor. Talle aardbewings, gepaard met getygolwe, teister Atene en haar bondgenote. Al hierdie dinge dui op die werking van μοῖρα, die **lotsbestemming** waaroor die mens geen beheer het nie.

In Atene ly 'n poging om die oorlog te beëindig skipbreuk (4.17-22). Die kans om ondergang te voorkom, glip deur die vingers. **Asof verblind** deur Ἄτη word Atene deur die sukses by Pulos geïnspireer om die oorlog met alle mag (κατὰ κράτος, 23) voort te sit. Onkeerbaar gaan hy voort - op sy weg na ondergang. Atene word in sy voorneme gesterk deur Kleon se onverwagte sukses teen die Spartane op die eilandjie Sphakteria (4.26-41). Die Spartane word onverhoeds in die nag oorval, en teen alle verwagting in gee hulle oor (40). Dit was die grootste verrassing wat die oorlog opgelewer het en Thukidides gee dit as rede aan vir die detailbeskrywing van hierdie dramatiese episode. Terselfdertyd verseker hierdie morele oorwinning dat Atene sou voortgaan op die glybaan na sy ondergang.

Tydens 'n konferensie van Sisiliese state te Gela, word vredesvoorstelle aan Atene gedoen (4.59-64), maar in hul **aanmatigende selfvertroue**, in hul kollektiewe ὕβρις, verwerp Atene die voorstel want hul glo vas niks kan meer verkeerdloop nie[4] - die wrange **ironie** van die hoogmoed voor die val.

Dit is opvallend dat die slag van Amphipolis geensins dramaties beskryf word nie, ondanks die feit dat Kleon sterf en 600 Ateners sneuwel teenoor slegs sewe Spartane (5.10). Weliswaar het hierdie kragmeting geen noemenswaardige effek op die verloop van die oorlog gehad nie, en is die skrywer versigtig om nie die dramatisering van slae te oordryf nie, maar geoordeel vanuit die dramaturg se oogpunt was hierdie fase die spreekwoordelike stilte voor die storm, die periode van afwagting wat sou uitloop op die klimaks van die Sisiliese Ekspedisie. Die dramatiese tegnieke word gereserveer.

Nou volg 'n ongelooflike reeks van **teenslae** : Nadat Atene se selfvertroue deur neerlae te Delium en Amphipolis ondermyn is, word hy 'n militêre en sielkundige knou toegedien by Mantinea (5.70-75). Die Meliese debakel waartydens die Ateners op wreedaardige wyse alle mans dood en alle vrouens en kinders as slawe verkoop (5.116) stel die Ateense imperialisme in sy ware kleure aan die kaak : dit was die aanloop tot die noodlottige veldtog teen Sisilië: "Der erste Akt dieses erschütternden Dramas hat mit Melos begonnen".[5] Heftige **leierskonflik** tussen die gematigde Nikias en die vuurvreter Alkibiades (6.9-18) loop uit op oorweldigende steun vir laasgenoemde; 'n leërmag sonder weerga vertrek uit Atene en dit teen 'n fenomenale koste. Op hierdie netelige stadium word Alkibiades aangekla, hy vlug en gaan in ballingskap (6.61). Die debat te Kamarina illustreer hoedat Atene se **invloed en vermoëns aan die taan** is, want selfs op die terrein van hul bewese meesterskap, naamlik in die kuns van oorreding, is die Ateners geen oorwinnaars meer nie - nog 'n faset van die geleidelike agteruitgang. Die verraad van Alkibiades kom hul duur te staan want 'n beslissende **wending** volg as hy Sparta oorreed om Sisilië te help (6.93). Generaal Lamachos se dood is 'n verdere terugslag (6.101), en Nikias se vrees laat hom 'n defensiewe beleid volg - 'n onmiskenbare **teken van swakheid**. Sy moedelose brief aan sy opdraggewers in Atene gee 'n kompakte samevatting van die omvang van Atene se dilemma, van die **wankeling** van haar posisie (7.11-15).

---

4 ἠξίουν σφίσι μηδὲν ἐναντιοῦσθαι 4.65.

5 F. Rittelmeyer, *Thukydides und die Sophistik*, Diss. Erlangen 1915, 120.



http://akroterion.journals.ac.za/

Met Atene nou op twee fronte bedreig, het Sparta die sielkundige voordeel, skerp belig deur die entoesiasme van Sparta in dramatiese teenstelling met die **moedeloosheid** van Atene (7.18). Die verowering van Plemmurion deur Surakusai kort hierna word deur Thukidides beskou as 'n beslissende **keerpunt**, die vernaamste oorsaak vir die verswakking van die Ateense magte (7.24).

Die skaal swaai al hoe verder teen Atene. Die reeks teenslae is bykans ongelooflik. Die bou van die fort op Dekelea deur Sparta is volgens Thukidides een van die vernaamste oorsake vir die verval van Atene se mag : oorlog op twee fronte is uitmergelend, en Thukidides kan nie anders nie as om sy verbasing uit te spreek oor die ongelooflike **oormoed** (ὕβρις) van Atene om in die 17de jaar van die oorlog, ondanks soveel ontberinge en verliese, op so 'n reuse skaal 'n ekspedisie teen Sisilië te loods (7.28).

Die **teenslae** duur onverbiddelik voort : ernstige finansiële probleme, bykans die hele Sisilië verenig teen Atene, die Ateense vloot word deur Surakusai verslaan, en ondanks Demosthenes se koms, word hul ook by Epipolai verslaan. 'n Verlammende dooiepunt tussen Nikias en Demosthenes volg (7.47-49); selfs die maansverduistering werk saam om hul ondergang te verseël. Generaal Eurumedon word gedood, en Atene se neerlaag lei tot totale moedeloosheid en radeloosheid.

Die grootsheid van die naderende tragedie word onderstreep deur die noem van al die nasies wat betrokke is - die meeste mense ooit voor een stad versamel. Die parallelle toesprake van Nikias en Gulippos laat die **spanning** opbou : die Ateners met die rug teen die muur, wanhopig, hul vyand by voorbaat seëvierend. Nikias se persoonlike woord aan die aanvoerders versterk die indruk van die magtigheid van hierdie oomblik, maar ook die hopeloosheid van die situasie. Die finale seeslag word op hoogs dramatiese wyse geskilder - die grootste slagting van die hele oorlog (7.70-71). Atene word verpletterend verslaan, word tot vernederende oorgawe gedwing. Die patos van die afskeid van 'n reputasie, die afskeid van 'n gesneuwelde en onbegraafde broer, die afskeid van 'n sterwende seun of boesemvriend, verseker die volkome emosionele betrokkenheid van die leser. Die eens magtige Ateense generaals Demosthenes en Nikias gee oor en word tereggestel (7.86) en die lot van hul duisende manskappe is haglik en grusaam. Thukidides spreek die slotwoord oor hierdie episode en beklemtoon die omvang van die tragedie van Atene (7.87). Dit was die grootste Helleense onderneming van hierdie oorlog, vir die oorwinnaars hul skitterendste welslae, die rampspoedigste neerlaag vir dié wat verslaan is - die algehele uitwissing van hul leër en hul vloot. Die lang **afloop** met die intriges van Alkibiades, die regering van die 400, burgertwis en die oorname deur die 5000, was bestem om te eindig met Lusandros se oorwinning as die finale voltrekking van die tragiese lot van Atene.

Die Ateners kan gesien word as die tragiese helde van die drama van die Peloponnesiese oorloë : helde met 'n edel karakter - ἄνδρες χρηστοί, goeie mense - maar geneigd tot foutiewe oordeel wat tot hul val gelei het, foute wat gespruit het nie uit hul edel aard nie, maar uit 'n aanmatigende houding, 'n blindheid van visie, en 'n hardheid van hart, - foute wat hulle, ondanks intelligensie, dissipline en ander goeie hoedanighede, meedoënloos tot hul lotsbestemming van onvermydelike ondergang moes voer.

Thukidides is geen dramaturg nie, maar as geskiedskrywer maak hy wel deeglik en op effektiewe wyse gebruik van die toerusting van die dramaturg, sowel wat die seleksie en ordening van sy stof betref, asook wat die berekende effek op sy leser betref. Hy


http://akroterion.journals.ac.za/

besef en voel aan dat die aangrypende en die ontroerende in die geskiedenis saam met die blote feite deurgegee moet word om reg te laat geskied aan dit wat werklik plaasgevind het. Hy handhaaf egter deurgaans die balans tussen die kunstenaar en die wetenskaplike, tussen die dramaturg en die historikus. Deurdat hy as mens hom inleef terwyl hy as historikus navors, is die digterlike en historiese inslag in sy werk nie teenstrydig nie, maar onderling aanvullend.

Maar kan Thukidides werklik daarop aanspraak maak dat sy werk 'n κτῆμά ἐς αἀεί, 'n besitting tot in alle tye is (1.22)? Gaan dit dus om meer as net die oorlog tussen Sparta en Atene? Tydens die ontvouing van die drama van Atene dring dit tot die leser deur dat Thukidides nie net die verloop van die Peloponnesiese oorlog beskryf nie. Deur sy lewe van waarneming en navorsing het hy die mens in sy ware wese leer ken, en veral die mens in sy trots en in sy blindheid, vasgevang in sy strewe na die verkryging of behoud van mag. Hy het gesien hoedat volkere die slagoffers van sulke indiwidue geword het, hoedat oorloë gevoer is en nasies ondergegaan het. En hy het besef dat heerssug, oorlog en smart universeel en tydloos is, en deur hierdie besef word sy beskrywing van politieke intriges en van bloedige stryd verhef tot 'n tydlose universele vlak. In hierdie proses speel die toesprake met al die uitdrukkings van universeel-geldende waarhede 'n belangrike rol. Thukidides beskryf nie net die oorlog tussen Sparta en Atene nie : hy beskryf oorlog as universele verskynsel. Hy beskryf nie slegs die neerlaag, die verlies van rykdom en mannekrag, die morele verval van Atene nie, maar die verarming, sowel konkreet as moreel, van enige volk in oorlog gewikkel. Hy beskryf nie net die oorlog tussen twee volke nie, maar tussen teenoorstaande en onversoenbare leefwyses en ideale. Dieselfde geld vir die karakters wat deur sy verhaal ontvou word : hy beskryf nie bloot die aard en rol van Perikles nie - nee, hy beskryf die invloedryke, charismatiese leier, die skitterende politieke redenaar; hy beskryf nie net vir Kleon nie, maar die vuurvreter politikus, die selfvoldane opportunis; hy beskryf nie net vir Brasidas nie, maar die suksesvolle, taktvolle en menslike aanvoerder; hy beskryf nie net vir Nikias nie, maar die versigtige, skoorvoetende leier, sonder durf en daadkrag; hy beskryf nie net vir Alkibiades nie, maar die selfvoldane, ambisieuse mens, die gewetenlose verraaier wat sonder om te blik of te bloos in eie belang sy seile na die wind span. In sy geskiedskrywing word die beproefde en effektiewe elemente van die drama ruimskoots gebruik om die betrokkenheid te verseker van lesers van alle tye, om by hul die boodskap tuis te bring van die mens wat selfs of juis in sy grootheid so kwesbaar is weens oordeelsfoute wat tot sy ondergang kan lei. Dáárom kan Thukidides met reg aanspraak maak daarop dat hy sy geskiedenis skryf "nie as 'n kompetisiestuk vir 'n eenmalige geleentheid nie, maar as 'n besitting tot in alle tye".


http://akroterion.journals.ac.za/